

Agtergrondinligtingsdokument

Julie 2020

1. Inleiding en status van ondersoeke vir die konstruksie van 'n tweede 765 kV-transmissielyn tussen die Gamma-substasie en die Kappa-substasie

Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) het Nako/Iliso (Pty) Ltd aangestel om 'n omgewingsifting te doen vir die konstruksie van 'n tweede 765 kV-transmissielyn tussen Gamma en Kappa en die uitbreiding van die Gamma-substasiewerf (naby Victoria-Wes in die Noord-Kaap) en die Kappa-substasiewerf (naby Touwsrivier in die Wes-Kaap). Die projek val binne die gepromulgeerde Strategiese Transmissiekorridors ooreenkomstig GK R.113 van 16 Februarie 2018.

Werk vir 'n Omgewingsimpakassessering (OIA) vir hierdie projek word sedert 2013 gedoen, maar om verskeie redes, insluitende a) baie besware van belanghebbendes, b) veranderinge in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA), c) promulgering van die Strategiese Transmissiekorridors en die gevolglike veranderinge in die alternatiewe transmissielynkorridors, moet 'n nuwe aansoek vir omgewingsmagtiging by die Departement van Omgewingsake, Bosbou en Visserye (DOBV) ingedien word.

Wat beteken 'n gepromulgeerde Strategiese Transmissiekorridor?

Vyf Strategiese Transmissiekorridors is geïdentifiseer en gepromulgeer ooreenkomstig GK R.113 van 16 Februarie 2018 wat van strategiese belang is vir die implementering van ondersteunende grootskaalse transmissie- en distribusieprojekte as deel van Strategiese Geïntegreerde Projek 10. Die voorgestelde konstruksie van die tweede 765 kV-transmissielyn van Gamma na Kappa val grotendeels binne die sentrale korridor as een van die strategiese projekte. Vir sulke projekte word 'n Basiese Assessering vereis, en daar moet vooraf oor roetebelynings onderhandel word voordat so 'n aansoek vir omgewingsmagtiging ingedien word. Die DOBV se tyd vir besluitneming nadat so 'n aansoek ingedien is, is 57 dae. Gevolglik word 'n omgewingsifting van die alternatiewe roetes gedoen vir 'n Basiese Assessering, wat op grond van die resultate van die omgewingsifting gedoen sal word.

2. Wat sal die omgewingsifting behels?

Die doel van die omgewingsifting wat deur Nako/Iliso gedoen gaan word, behels die hersiening van die alternatiewe roetes vir 'n tweede 765 kV-transmissielyn soos voorheen geassesseer en onlangs bygewerk (kaart op bladsy 8). Dit sal ook opgraderingswerk nagaan wat by die Gamma- en die Kappa-substasie gedoen moet word om die tweede 765 kV-transmissielyn te akkommodeer. Die omgewingsifting sal assesserings bywerk om die potensiele impak te evalueer wat die transmissielyn asook die bykomende werk by die substasies op die omgewing kan hê, en sal moontlike noodlottige gebreke identifiseer.

Die uitkoms van die omgewingsifting sal 'n Siftingsverslag wees. Die Siftingsverslag sal aanbeveel watter alternatiewe roete (bv alternatief 1, 1a of 2) gebruik kan word as die roete vir die daaropvolgende Basiese Assesseringsproses, wat nodig is vir toekomstige aansoek vir omgewingsmagtiging. Die aanbevole roete sal ook die roete wees waarvoor Eskom vooraf met grondeienaars sal onderhandel vir die kraglynserwituut (d.i. die serwituut vir die tweede 765 kV-kraglyn) voordat die Basiese Assesseringsproses begin. Die bygewerkte spesialisassesserings asook 'n verslag oor die proses van openbare deelname wat as deel van die omgewingsifting gedoen word, sal by die Siftingsverslag aangeheg word. Omgewingsifting het geen wetlike krag of status nie – dit is bloot 'n proses om inligting in te win, by te werk en te evalueer voordat 'n formele omgewingsregsproses – 'n Basiese Assessering – sal begin.

Die siftingsproses behels 'n tegniese komponent (spesialisassesseringswerk) en 'n openbaredeelnamekomponent. Daar word beoog om die omgewingsifting voor Julie 2021 af te handel, en die proses sal die stappe behels wat op bladsy 2 uiteengesit word.

Stappe in die omgewingsifting

Julie – Augustus 2020

Aankondiging van die Siftingsproses en alternatiewe korridors vir assessering.

- Verspreiding van Agtergrondinligtingsdokument (AID) (hierdie dokument)
- Plasing van advertensies en betrokkenheid van belanghebbendes

Junie – Augustus 2020

Spesialisondersoeke om die korridor-alternatiewe te assesseer

Kommentaar van belanghebbendes sal in 'n Kommentaarverslag opgeneem word. Hierdie verslag sal 'n aanhangsel by die Konsep-Siftingsverslag wees:

Oktober 2020

Konsep-Siftingsverslag beskikbaar vir insae en kommentaar van die publiek

- Verspreiding van kennisgewing van die beskikbaarheid van die Konsep-Siftingsverslag
- Plasing van advertensies en betrokkenheid van belanghebbendes

Kommentaar van belanghebbendes sal in die tweede Kommentaarverslag opgeneem word, wat by die Finale Siftingsverslag aangeheg sal word.

Januarie – Februarie 2021

Die Finale Siftingsverslag sal saamgestel word met inagneming van alle kommentaar wat tydens die hersiening van die Konsep-Siftingsverslag van belanghebbendes ontvang word.

3. Alternatiewe vir evaluering en bykomende werk by die substasies

Aanvanklik is drie alternatiewe korridors ondersoek, maar as gevolg van omgewingsensitiwiteit bly twee van die alternatiewe oor as opsie vir verdere ondersoek. Die geraamde lengte van hierdie alternatiewe korridors, die verleggings uitgesluit, is soos volg:

- Gamma-Kappa-korridoralternatief 1 = ± 372 km
- Gamma-Kappa-korridoralternatief 2 = ± 366 km

Vir elk van die alternatiewe is 'n korridor van 2 km breed ondersoek. Die finale goedgekeurde serwituutroete sal egter verminder word tot die gepaste breedte volgens die finale ingenieursontwerpe en goedkeuring van die DOBV. 'n Serwituut vir 'n 765 kV-transmissielyn is na raming 80 m tot 100 m breed, afhangende van die topografie en die tipe masstruktuur.

Die alternatiewe roetes loop oor verskeie plaaseiendomme. Die lys van individuele plase van die alternatiewe roetes met 'n kaart is aangeheg as Aanhangsel A. Hierdie plase is versprei oor die provinsies Noord-Kaap en meesal die Wes-Kaap. Die grondgebruikaktiwiteit op hierdie plase behels kommersiële veeteelt, bewaringsgebiede, stedelike en landelike nedersettings, agronywerheidsgebiede met bygaande infrastruktuur asook groot netwerke van nasionale streek- en plaaslike paaie, bestaande transmissie- en distribusiekraglyne, ondergrondse watervoorsieningsnetwerke (groot maat en benetting) en ander hulpinfrastruktuur.

Werke by die Kappa- en die Gamma-substasie is nodig en sluit in:


- Toerusting van 1 x 765 kV-voerdervak by die Kappa-substasie (vergroting van bestaande geleistam, indien nodig)
- Toerusting van 1 x 765 kV-voerdervak by die Gamma-substasie (vergroting van bestaande geleistam, indien nodig)
- Uitbreiding van die Gamma-substasie (d.i. uitbreiding weswaarts van die bestaande substasie met ongeveer 300 m)
- Uitbreiding van die Kappa-substasie (d.i. uitbreiding van die bestaande 765 kV-werf met 400 m).

4. Steunstrukture vir die transmissielyn

Maste vir die voorgestelde transmissielyn sal tussen ongeveer 35 m en 65 m hoog wees met 'n voetspoor wat wissel van ongeveer 150 m² tot 400 m², afhangende van die tipe mas wat gebruik word. Die afstand tussen maste sal nagenoeg 500 m wees, maar dit alles sal beïnvloed word deur die topografie en die nodigheid van draaie in die lyn om binne onderhandelde serwitute te bly.

Die werklike getal maste, die tipe mas en ander steunstrukture wat met die voorgestelde transmissielyn verband hou, sal bevestig word en besonderhede sal verstrekkend word na goedkeuring van die voorgestelde ontwikkeling en nadat die finale belyning met grondeienaars onderhandel is.

Algemeen gesproke sal die tipe maste wat gebruik word, afhang van gewig, die gebied (d.i. topografie), hoogte, koste en oprigtingstyd. Voorts word roetes vir transmissielyne beplan met so min draaie as moontlik. Voorbeelde van sommige van die maste wat Eskom waarskynlik vir die voorgestelde tweede 765 kV-transmissielyn van Gamma na Kappa sal gebruik en wat algemeen gebruik word in soortgelyke ontwikkelings, is die Geankerde V-mas (links) en die Draagmas (regs). Die nuut ontwikkelde 705C 765 kV-enkelkringdwarskabelmas (onder) sal ook deel wees van die maste wat vir hierdie projek gebruik sal word. Hierdie mas is ontwerp vir wye oop gelyk terrein met 'n hoogte van tot 1 750 m en 'n maksimum helling van 10 grade.



5. Toegangspaaie en konstruksiekampe

Tydlike toegangspaaie sal nodig wees vir die konstruksievoertuie om konstruksietoerusting en werkers na en van die masterreine te vervoer. 'n Voertuigtoegangspad moet gewoonlik verskaf word om toegang langs die hele lengte van die serwituut moontlik te maak. Toegang is nodig gedurende sowel die konstruksiefase as die bedryf/instandhoudingsfase van die transmissielyn se lewensiklus. Nuwe toegangspaaie wat nodig is, sal gedurende die konstruksiefase aangelê word en word meer deur voertuigbewegings gevestig as deur skraapwerk. Bestaande paaie sal waar moontlik gebruik word. Gedurende die bedryfsfase van die transmissielyn sal die middellyn-toegangspad binne die onderhandelde serwituut 'n gruispad van hoogstens 8 m breed wees waar daar nie 'n reserwe is nie. Onderhandelinge tussen die grondeienaars, die kontrakteur en Eskom Transmissie sal gevoer word om die finale toegangsroetes te bepaal.

Die projek sal geskikte terreine vir die oprigting van konstruksiekampe vereis. Die konstruksiekampe sal na verwagting opgerig word op plase op sentrale liggings langs die roete-alternatief waarop besluit word. Die konstruksiekampe sal bestaan uit tydelike strukture soos tente of tydelike geboue, asook ablusiefasiliteite wat waarskynlik verskuifbare toilette en tydelike stortfasiliteite sal wees.

6. Serwituutvereistes

Eskom beoog om 'n serwituut van 80 m tot 110 m breed (40 m of 55 m weerskante van die middellyn) te registreer teen die titelaktes van die eiendomme waaroor die voorgestelde transmissielyn sal loop. 'n Serwituut beteken nie dat die houer van die serwituut (Eskom) die eienaar van die eiendom is nie. Dit beteken dat Eskom die reg het om elektrisiteit oor die grond te geleë, behoudens voorwaardes waarop Eskom en die betrokke grondeienaars ooreenkom. Die serwituut verskaf aan Eskom sekere omskrewe regte vir die gebruik van die bepaalde stuk grond, byvoorbeeld toegang om 'n transmissielyn langs 'n spesifieke ooreengekome roete te bou; redelike toegang om die lyn binne die serwituutgebied te bedryf en in stand te hou, en die verwydering van plantegroei wat met die bedryf van die lyn sal inmeng.

7. Vry ruimte

Die minimum vertikale vry ruimte tussen geboue, pale en strukture wat nie deel van die 765 kV-transmissielyn uitmaak nie, is ongeveer 8,5 m onder geleiers. Die vry hoogte van geleiers tussen die maste moet 10,4 m wees. Die minimum afstand van 'n 765 kV-transmissielynstruktuur vanaf geproklameerde openbare paaie is 11,5 m vanaf die middellyn van die struktuur na die middellyn van die pad. Die minimum afstand tussen enige deel van 'n boom of struik en enige kaal fasegeleier van 'n 765 kV-transmissielyn is 8,5 m (WBGV, 1993). Alle bome en struie moet gewoonlik verwyder word in 'n strook van ongeveer 8 m breed al langs die middel van die transmissielynserwituut net om geleiers te span. Enige boom of struik in ander gebiede wat met die bedryf en/of betroubaarheid van die transmissielyn sal inmeng, moet gesnoei of heeltemal verwyder word (CEA, 2003).

8. Ondergrondse kables

Ondergrondse kables word gebruik waar daar ruimtebeperkings is, in dig bevolkte gebiede, in fabriek en selfs om krag van die kragpale na die verbruikersperseel te voer. Ondergrondse kables word meesal gebruik om elektriese krag van tussen 1 kV en 132 kV oor te bring. Dit word vir kort afstande gebruik, want die kabel is 10 keer duurder as 'n oorhoofse kabel. Die konstruksiekoste (d.i. insluitende die graaf van slote, ens) en omgewingsimpakte is oor die algemeen hoër as dié van oorhoofse kables. Vanuit 'n ingenieurs-, beplannings- en finansiële perspektief het oorhoofse lyne minder vereistes en is dit goedkoper om aan te lê as ondergrondse lyne. Die voorgestelde tweede 765 kV-lyn kan net as 'n oorhoofse lyn gebou word.

9. Spesialisstudies en potensiele impakte wat tot dusver geïdentifiseer is

Spesialiste is sedert 2013 besig met assessering van alternatiewe roetes tussen die Gamma- en die Kappa-substasie vir die bou van 'n tweede 765 kV-transmissielyn. Die volgende spesialisstudies sal gedurende 2020 bygewerk word om die geldigheid daarvan vir die twee alternatiewe korridors te verseker, soos voorheen geassesseer en onlangs bygewerk, met inagneming van potensiele impakte tydens en na konstruksie, asook kumulatiewe impakte:

Spesialisassessering	Watter potensiele impakte gaan geassesseer word?
Voëls	Voëls, hulle vliegbane, broeiplekke en wat gedoen kan word om botsings te vermy.
Visueel	Visuele impak wat die transmissielyn kan hê vanuit die konteks van diegene wat dit sien, insluitende vanuit die perspektief van toerisme, wildernis en oop ruimtes.
Water – grondwater en oppervlakwater	Impak op grondwater (insluitende boorgate) en oppervlakwater (riviere, vleilande, strome).
Landbou	Impak op landbou (alle tipes boerdery, insluitende wildplase).
Vlermuise	Vlermuise, hulle vliegbane, broeiplekke en wat gedoen kan word om botsings te vermy.
Paleontologie	Impak op paleontologiese eienskappe.
Erfenis	Impak op die bou-omgewing; argeologies-kulturele landskap en die ruimtelike geskiedenis.
Ekologie / biodiversiteit	Impak op plante, diere en hulle habitat, insluitende grond.
Maatskaplik en toerisme	Impak op die maatskaplike en sosio-ekonomiese omgewing en toerisme.
Dorpsbeplanning	Impak op die geïntegreerde ontwikkelingsplanne van munisipaliteite, insluitende sonering.
Verkeer	Impakte op verkeer.
GIS	'n GIS-spesialis is aangestel om te help met geografies-ruimtelike inligting vir alle spesialiste om die geografies-ruimtelike omgewing te verstaan.

Van die bekende potensiele impakte, soos voorheen geassesseer, word hieronder opgesom:

9.1 Biodiversiteit, insluitende voëls en vlermuise

Vir die konstruksiekampe en vir die transmissielynserwituut sal plantegroei verwyder word, wat tot die agteruitgang of verlies van spesies en habitat kan lei. As die verwydering van plantegroei nie goed bestuur word nie, kan gronderosie plaasvind. As gevolg van geraas tydens konstruksie-aktiwiteite kan dierspesies migreer op soek na ander habitat, en dit kan die ekosisteem in die gebied versteur. Nadat die transmissielyn opgerig is, kan voëls en vlermuise deur die kraglyn doodgeskok word.

9.2 Landbou-ekonomie

Die huidige of toekomstige ekonomie sal geraak word waar die voorgestelde transmissielyn opgerig word, aangesien enige ontwikkeling rondom of met inagneming van hierdie lyn beplan sal word. Stukke landbougrond sal moontlik vir ander grondgebruike aangewend moet word indien 'n transmissielyn op sulke grond opgerig word. Byvoorbeeld, kragmaste van 'n transmissielyn kan besproeiingsaktiwiteite op 'n bepaalde gebied aan bande lê. Grensdrade kan tydens konstruksie beskadig word of hekke kan oop

gelaat word, wat tot die onbeplande integrasie van vee kan lei.

9.3 Konstruksie-impakte

Die oprigting van konstruksiekampe, die bou van toegangspaaie en terreinopruiming sal lei tot die verwydering van plantegroei en die ontbloting van die onderliggende grond. Tydens konstruksie sal die gebied rondom die individuele maste versteur word (vir elke mas sal 'n stuk grond ongeveer so groot soos 'n rugbyveld skoongemaak word). Die konstruksiekampe en bergingsgebiede sal na verwagting 'n groter gebied versteur.

9.4 Argeologiese / Erfenishulpbronne

Die konstruksie van 'n transmissielyn kan 'n impak hê op die kulturele erfenishulpbronne, wat enige van die volgende kan wees, soos omskryf in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999):

- Plekke, opstalle, boustrukture en toerusting waaraan mondelinge tradisies geheg word
- Plekke wat met lewende erfenis geassosieer word
- Historiese nedersettings, dorpskappe, landskappe en natuurverskynsels

- Geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang
- Grafte en begraaftplase

9.5 Waterhulpbronne

Grondvoorbereiding vir konstruksie en uitgrawings vir die masinstallasies sal die sedimentlading in stormwater verhoog wanneer dit reën. Betonresidu van masfondamente of afloop het die potensiaal om akwatiese omgewings te verander.

9.6 Grond

Grondstruktuur sal ontwig word wanneer fondamente uitgrawings vir die nuwe maste vir die transmissielyn gedoen word. Die aanhoudende beweging van swaar masjinerie na en van die konstruksieterrrein sal tot grondkompaktering lei, wat die grond se waterhouvermoë sal verlaag, wat dan verhoogde afloop tydens die reënseisoen sal veroorsaak. Brandstoflekkasies en oliestortings uit konstruksievoertuie en masjinerie kan die grond besoedel wanneer dit in die grond insak, en dit het ook 'n onregstreekse uitwerking op plantegroei in die nabye toekoms. Sementmengery op ongeplaveide oppervlakke tydens konstruksie kan tot 'n verandering in grondchemie lei, soos veranderinge in die alkaliniteit/suurheid van die grond, wat grondvrugbaarheid kan verlaag en plantegroei onregstreeks beïnvloed.

9.7 Geraas

Geraasvlakke gaan na verwagting styg as gevolg van verskeie konstruksie-aktiwiteite. Die geraas sal tot die konstruksiefase beperk wees.

9.8 Luggehalte

Die gehalte van die lug sal geraak word, en die bronne sal waarskynlik die volgende wees: uitlaatgasse van konstruksievoertuie, stof tydens uitgrawings, ook vir fondamente, grondhope en toegangspaaie met 'n gruisoppervlak.

9.9 Infrastruktuur en Dienste

Transmissielyn loop dikwels oor of naby bestaande infrastruktuur soos rioolpype, waterpypeleidings en dienste soos paaie, telekommunikasielystreke, grensdrade en bestaande transmissie- of

distribusielyne. Dienste kan tydelik ontwig word tydens konstruksie van die transmissielyn.

9.10 Sosio-ekonomies

Werkgeleenthede kan tydens die konstruksiefase ontstaan. Dit sal 'n tydelike positiewe impak op die plaaslike gemeenskappe hê, veral indien daar vir gepaste opleiding en vaardigheidsontwikkeling voorsiening gemaak word. Ander potensiele maatskaplike impakte rakende die voorgestelde ontwikkeling sal spruit uit kwessies rakende die veiligheid en sekuriteit van die betrokke gemeenskappe deur die onbeheerde instroming van trekwerkers tydens die konstruksiefase. Dit is veral die geval aangesien die projekgebied yl bevolk is en kontrakteurs moontlik arbeid van buite die studiegebied sal moet inbring.

9.11 Topografie en visuele impak

Die topografie van die gebied sal die vlak van visuele blootstelling van die transmissielyn bepaal. Die transmissielyn sal op 'n afstand gesien kan word as dit op hoogliggende grond geleë is. Daar is reeds ander lineêre ontwikkelings in die omgewing van die projekgebied, en gevolglik sal die voorgestelde ontwikkeling by sommige van hierdie ontwikkelings aansluit, soos traksielystreke vir Transnet en 400 kV- en 765 kV-transmissie- en distribusielyne van Gamma na Kappa in die Wes-Kaap.

9.12 Paleontologie

Die voorgestelde transmissielyn sal oor die Dwyka en Ecca Groepe van die Karoo Supergroep loop, waarvan die paleontologiese inhoud wissel van bar tot onbeduidend tot taamlik belangrik tot hoogs beduidend. Die studiegebied is oor die algemeen betreklik arm aan fossiele, behalwe sekere gebiede waar uitsonderlike konsentrasies van hoogs wetenskaplik beduidende fossiele kan voorkom.

9.13 Toerisme

Vanuit 'n toerismeperspektief is visuele impakte en potensiele ontwigting deur konstruksie-aktiwiteite die belangrikste.

9.14 Verkeer

Verkeer kan waarskynlik tydens die konstruksiefase van die transmissielyn geraak word.

10. Doel van hierdie Agtergrondinligtingsdokument

Hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) bied aan belanghebbendes inligting oor Eskom se omgewingsiftingsproses met betrekking tot die voorgestelde konstruksie van 'n tweede 765 kV-transmissielyn van Gamma na Kappa. Die AID gee ook aan belanghebbendes 'n geleentheid om:

- As belanghebbendes in die proses van openbare deelname te registreer, en
- Kommentaar te lewer op die voorgestelde inligting wat met die omgewingsifting bekend gemaak word.

As 'n belanghebbende sal u op die databasis van belanghebbendes ingesluit word om verdere dokumente, soos die Konsep-Siftingsverslag, te ontvang vir insae en kommentaar. U kommentaar sal verseker dat alle kwessies en kwellings oorweeg word. Om u kwellings te opper of kommentaar op die voorgestelde ontwikkelingsprojek te lewer, vul asb die ingeslote blad vir registrasie en kommentaar in, skryf 'n brief, skakel of stuur 'n e-pos aan die kantoor vir openbare deelname. Alle dokumente sal op die internet beskikbaar wees by www.iliso.com.

Covid-19-beperkings

In die lig van die huidige Covid-19-beperkings op openbare byeenkomste sal belanghebbendes telefonies geskakel word om te reël vir geskikte geleenthede vir samesprekings. Sulke geleenthede kan een-tot-een-gesprekke of vergaderings op elektroniese platforms wees. Ons versoek belanghebbendes ook om versoeke vir kommentaar skriftelik in te dien, soos die kommentaarblad op bladsy 7, om kommunikasie te vergemaklik.

11. Vir meer inligting

Kantoor vir Openbare Deelname: Anelle Lötter, Tel: 082 804 5890, E-pos: anelle@jaws.co.za

Tegniese navrae: Dr Martin van Veelen, Tel: 082 575 3690, E-pos: martin@mdte.co.ca

U kommentaar is belangrik

Die Konsep-Omgewingsiftingsverslag sal in Oktober tot November 2020 vir 'n tydperk van 30 dae beskikbaar wees vir insae deur die publiek. U kommentaar op die verslag sal help om die verslag te finaliseer voordat dit aan Eskom voorgelê word.

Intussen verwelkom ons alle bydraes of kwessies wat u opper vir verdere ondersoek met die oog op die Siftingsverslag. Die verslag sal elektronies beskikbaar wees en die beste manier om insae in die verslag te kry, sal aan alle belanghebbendes meegedeel word.

U kommentaar tydens die omgewingsifting sal opgeneem word in 'n Kommentaarverslag, wat deel van die konsep- en finale Omgewingsiftingsverslag sal uitmaak. U word genooi om vryelik deel te neem en enige kommentaar of inligting voor te lê wat na u mening vir die proses van nut sal wees. Vul asb die aangehegte registrasie- en kommentaarvorm in om te verseker dat u as 'n belanghebbende geregistreer word en dat u bygewerkte inligting sal ontvang.

Plase in Korridor 1a

FARM_NAME	PARCEL_NUM
AANSTOOT 72	2/72
AASVOGELBOSCH 44	1/44
AASVOGELBOSCH 44	2/44
APRILS KRAAL 105	105
BAAKENS RIVER 155	RE/155
BAAKENS RIVER 155	3/155
BAKO VENS KLOOF 152	RE/152
BANTAMSFONTEIN 168	2/168
BANTAMSFONTEIN 168	4/168
BANTAMSFONTEIN 168	RE/168
BANTAMSFONTEIN 168	13/168
BANTAMSFONTEIN 168	7/168
BANTAMSFONTEIN 168	5/168
BON ESPIRANGE 73	1/73
BON ESPIRANGE 73	RE/73
BRANDENBURG 164	RE/164
BRANDENBURG 164	1/164
BRANDENBURG 164	2/164
BRAND VALLEY 75	RE/75
BRAND VALLEY 75	1/75
DE PLAAT 205	1/205
DIE BRAK 241	241
EK KRAAL 199	RE/199
FORTUIN 74	1/74

FORTUIN 74	3/74
FORTUIN 74	RE/74
GATS RIVER 156	1/156
KABELTOUW 160	160
KARREE KLOOF 196	1/196
LEEUVENFONTEIN 71	RE/71
LOWER ROODEWAL 169	RE/169
MEINTJIES PLAATS 43	43
MUISHOND RIVIER 161	RE/161
MUISHOND RIVIER 161	1/161
RHEEBOKKE FONTEIN 209	2/209
RIET FONTEIN 197	RE/197
RIETPOORT 243	RE/243
RIETPOORT 243	1/243
SMITS KRAAL 208	RE/208
SPITZE KOP 42	2/42
SPITZE KOP 42	1/42
SPITZE KOP 42	3/42
STANDVASTIGHEID 210	RE/210
STANDVASTIGHEID 210	2/210
TOOVER BERG 244	RE/244
WOLVENKOP 207	2/207
WOLVENKOP 207	RE/207
WOLVENKOP 207	1/207
WOLVENKOP 207	3/207


REGISTRASIE- EN KOMMENTAARVORM

OMGEWINGSIFTING VIR DIE VOORGESTELDE KONSTRUKSIE VAN 'N TWEDE 765 kV- TRANSMISSIELYN VAN GAMMA-SUBSTASIE NA KAPPA-SUBSTASIE

Vul asb hierdie vorm in en stuur dit nie later nie as **30 Augustus 2020** aan die kontakpersoon terug om seker te maak dat u as 'n belanghebbende geregistreer word.

PERSOONLIKE INLIGTING			
Titel (Mnr/Mev/Dr/Prof):			
Voornaam en van:			
Dui asb aan of u as 'n Grondeienaar / Individu / Organisasie of Besigheid registreer, en verstrek die naam:			
Fisiese adres: <i>(Sluit plaasnaam in waar toepaslik)</i>			
Posadres:		Telefoon/Sel:	
		E-pos:	
ALGEMENE BELANG BY DIE PROJEK			
Het u enige bepaalde kommentaar rakende die omgewingsifting vir die konstruksie van die tweede 765 kV-transmissielyn van Gamma na Kappa?			
As u weet van iemand wat oor die voorgestelde ontwikkeling ingelig moet word, verstrek asb hulle kontakbesonderhede:			
Voornaam en van			
Organisasie:			
Posadres / Fisiese Adres:		Telefoon/Sel:	
		E-pos:	

Stuur asb terug aan Anelle Lötter – E-pos: anelle@jaws.co.za



Plase in Korridor 1

FARM NAME	PARCEL NUM
APPELS FONTEIN 201	RE/201
BANTAMSFONTEIN 168	RE/168
BANTAMSFONTEIN 168	7/168
BANTAMSFONTEIN 168	4/168
BANTAMSFONTEIN 168	10/168
BANTAMSFONTEIN 168	13/168
BANTAMSFONTEIN 168	8/168
BANTAMSFONTEIN 168	9/168
BANTAMSFONTEIN 168	14/168
BANTAMSFONTEIN 168	5/168
BELVEDERE 73	1/73
BLOEM ZYN KRAAL 281	281
BOKRIVIER 266	266
BON ESPIRANGE 73	1/73
BON ESPIRANGE 73	RE/73
BRANDENBURG 164	RE/164
BRANDENBURG 164	1/164
BRANDENBURG 164	2/164
BRANDVALLEY 75	RE/75
BRUINRUG 64	64
BUFFELS KOP 274	274
BUSHMANS LEEGTE 294	1/294
BUSHMANS LEEGTE 294	RE/294
DE CYPHER 295	RE/295
DE DRIFT 17	3/17
DE DRIFT 17	RE/17
DE DRIFT 17	2/17
DE HOOP 202	RE/202
DE LIST 19	RE/19
DE LIST 19	1/19
DE PLAAT 205	1/205
DIE BAD 286	RE/286
DIE BRAK 241	241
DRIE VADERLANDSCHE RIETVALLEYEN	RE/49
DRIE VADERLANDSCHE RIETVALLEYEN	1/49
DWARS RIVIER 14	3/14
DWARS RIVIER 14	2/14
DWARS RIVIER 14	1/14
DWARS RIVIER 14	RE/14
EK KRAAL 199	1/199
EK KRAAL 199	RE/199
ELANDSFONTEIN 150	2/150
FLAGFONTEIN 308	5/308
FLAGFONTEIN 308	RE/308
FLAGFONTEIN 308	6/308
FLAGFONTEIN 308	7/308
FLAGFONTEIN 308	3/308
FLAGFONTEIN 308	2/308
FLAGFONTEIN 308	4/308
FLAGFONTEIN 308	8/308
GABRIELS BAKEN 2	2
GOODHOPE 293	RE/293
GOVERNMENT LEEGTE 267	267
HAMEL KRAAL 16	7/16
HANS RIVIER 169	3/169
HANS RIVIER 169	4/169
HANS RIVIER 169	5/169
HOOGVELD 270	1/270

HOOGVELD 271	RE/271
HOOGVELD 271	1/271
KABELTOUW 160	160
KARREE KLOOF 196	1/196
KENTUKY 206	RE/206
KLEIN KOEDOES KOP 310	2/310
KLEINFONTEIN 93	RE/93
KLIPBANKS FONTEIN 173	11/173
KLIPFONTEIN 30	30
KLIPFONTEIN 32	1/32
KLIPFONTEIN 32	RE/32
KLIPKOPJES LEEGTE 132	2/132
KLIPKRAAL 127	RE/127
KOORNPLAATS 41	5/41
KOORNPLAATS 41	15/41
KRANSKRAAL 283	RE/283
KRANSKRAAL 283	1/283
KUILS PORT 161	3/161
KUILS PORT 161	5/161
LA-DE-DA 178	RE/3/178
LA-DE-DA 178	RE/178
LEEUFONTEIN 273	RE/273
LOWER ROODEWAL 169	RE/169
LOWER STINKFONTEIN 245	245
MEINTJIES PLAATS 43	43
MODDERFONTEIN No. 228	3/228
MONTANA 123	1/123
MONTANA 123	8/123
MONTANA 123	4/123
MORDANT KLAASSENSKRAAL 14	RE/11/14
MUISHOND RIVIER 161	RE/161
MUISHOND RIVIER 161	1/161
NIEUWHOEKSFONTEIN 67	67
PHAISANT KRAAL 1	1
RHEEBOKKE FONTEIN 209	1/209
RHEEBOKKE FONTEIN 209	2/209
RHEEBOKKE FONTEIN 209	RE/209
RHEEBOKKE FONTEIN 209	3/209
RHENOSTERKOP 155	RE/155
RIET FONTEIN 122	11/122
RIET FONTEIN 122	1/122
RIET FONTEIN 197	RE/197
RIETKUIL 307	RE/307
RIETKUIL 307	2/307
RIETPOORT 15	6/15
RIETPOORT 15	1/15
RIETPOORT 15	2/15
RIETPOORT 15	4/15
RIETPOORT 15	3/15
RIETPOORT 15	5/15
RIETPOORT 243	1/243
RIETPOORT 243	RE/243
SMITS KRAAL 208	RE/208
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	3/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	2/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	19/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	15/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	16/162
SPEELMANS KUIL 154	RE/154

SPITSKOP 20	20
SPITZE KOP 42	2/42
SPITZE KOP 42	1/42
SPITZE KOP 42	4/42
SPITZE KOP 42	3/42
SPRINGFONTEIN 305	RE/2/305
STANDVASTIGHEID 210	RE/210
STANDVASTIGHEID 210	1/210
STEENTOTS FOUNTAIN 168	1/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	54/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	10/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	11/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	12/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	13/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	9/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	14/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	16/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	27/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	29/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	30/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	40/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	42/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	43/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	15/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	8/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	17/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	26/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	28/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	39/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	41/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	44/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	45/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	38/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	36/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	33/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	25/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	23/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	31/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	4/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	19/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	21/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	22/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	24/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	53/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	48/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	47/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	52/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	6/168
STEENTOTS FOUNTAIN 168	5/168
STEYNSKRAAL 177	2/177
STOLS HOEK 182	9/182
STOLS RIVER 171	2/171
SWAERSKRAAL 40	RE/40
SWAERSKRAAL 40	1/40
SWAERSKRAAL 40	2/40
TAAYBOSCHFONTEIN 15	RE/15
TAAYBOSCHFONTEIN 15	5/15

TAAVBOSCHFONTEIN 15	4/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	2/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	RE/1/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	3/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	7/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	6/15
TOOVER BERG 244	RE/244
TYGER HOEK 16	9/16
TYGER HOEK 6	RE/6
TYGERHOEK 17	17
UIT VLUGT FONTEIN 265	1/265
UIT VLUGT FONTEIN 265	RE/265
UPPER PLAAT DOORNS 153	3/153
VAN DER BYLS KRAAL 265	6/265
VAN DER BYLS KRAAL 265	13/265
VAN DER BYLS KRAAL 265	15/265
VINDRAGERSFONTEIN 280	RE/280
VINDRAGERSFONTEIN 280	3/280
WAAIFONTEIN ANNEXE 66	66
WAAYFONTEIN 65	3/65
WAAYFONTEIN 65	7/65
WAAYFONTEIN 65	5/65
WAAYFONTEIN 65	RE/3/65
WAAYFONTEIN 65	RE/65
WAAYFONTEIN 65	4/65
WAAYFONTEIN 65	1/65
WELTEVREDE WES 172	1/172
WELTEVREDE WES 172	10/172
WELTEVREDE WES 172	4/172
WELTEVREDE WES 172	RE/172
WELTEVREDE WES 172	9/172
WELTEVREDEN 170	3/170
WELTEVREDEN 170	32/170
WELTEVREDEN 170	10/170
WELTEVREDEN 170	28/170
WELTEVREDEN 170	33/170
WELTEVREDEN 170	27/170
WELTEVREDEN 170	36/170
WELTEVREDEN 170	31/170
WELTEVREDEN 170	30/170
WELTEVREDEN 170	29/170
WELTEVREDEN 170	35/170
WELTEVREDEN 170	37/170
WELTEVREDEN 170	17/170
WELTEVREDEN 170	25/170
WELTEVREDEN 170	15/170
WELTEVREDEN 170	26/170
WOLVENKOP 207	1/207
WOLVENKOP 207	2/207
WOLVENKOP 207	3/207
YUK RIVER 18	18
ZEEKOEVALLEY 282	2/282
ZEEKOEVALLEY 282	1/282

Plase in Korridor 2

FARM_NAME	PARCEL_NUM
ADJ. PLAATDOORNS 263	1/263
APPELS FONTEIN 201	RE/201
BAAKENS RIVER 155	3/155
BAAKENS RIVER 155	RE/155
BANTAMSFONTEIN 168	4/168
BANTAMSFONTEIN 168	RE/168
BANTAMSFONTEIN 168	2/168
BANTAMSFONTEIN 168	13/168
BANTAMSFONTEIN 168	7/168
BANTAMSFONTEIN 168	5/168
BLAAUWKRAANS 284	3/284
BOKRIVIER 266	266
BRANDENBURG 164	RE/164
BRANDENBURG 164	1/164
BRUINRUG 64	64
BUFFELS KOP 274	274
BULS KOP 163	RE/1/163
BULS KOP 163	9/163
BULS KOP 163	3/163
BULS KOP 163	7/163
COURLANDS KLOOF 124	RE/1/124
COURLANDS KLOOF 124	16/124
DE CYPHER 295	3/295
DE CYPHER 295	RE/295
DE CYPHER 295	2/295
DE DRIFT 17	2/17
DE HOOP 202	RE/202
DIE BAD 286	1/286
DIE BAD 286	RE/286
DIE BAD 286	2/286
DIE BRAK 241	241
DWARS RIVIER 14	RE/14
DWARS RIVIER 14	4/14
DWARS RIVIER 14	3/14
DWARS RIVIER 14	2/14
EK KRAAL 199	2/199
EK KRAAL 199	1/199
EK KRAAL 199	RE/199
FARM 241	RE/241
FARM 241	2/241
FARM 241	3/241
FARM 264	RE/264
FARM No. 242	RE/242
FARM No. 242	1/242
FARM No. 263	RE/263
FLAGFONTEIN 308	5/308
FLAGFONTEIN 308	RE/308
FLAGFONTEIN 308	6/308
GATS RIVER 156	RE/156
GATS RIVER 156	1/156
GOODHOPE 293	1/293
GOODHOPE 293	RE/293
GROOTFONTEIN 180	RE/180
GROOTKLIP 238	RE/238
GROOTKLIP 238	6/238
HAMEL KRAAL 16	5/16
HAMEL KRAAL 16	6/16

HAMEL KRAAL 16	7/16
HOOGEVELD 270	1/270
HOOGEVELD 271	RE/271
KALKWAL 65	RE/65
KALKWAL 65	3/65
KALKWAL 65	2/65
KALKWAL 65	1/65
KALKWAL 65	7/65
KALKWAL 65	10/65
KALKWAL 65	RE/65
KALKWAL 65	19/65
KALKWAL 65	18/65
KALKWAL 65	12/65
KALKWAL 65	6/65
KALKWAL 65	8/65
KALKWAL 65	4/65
KALKWAL 65	5/65
KALKWAL 65	6/65
KALKWAL 65	7/65
KALKWAL 65	1/65
KARREE KLOOF 196	1/196
KARREE KLOOF 196	RE/196
KENTUKY 206	RE/206
KLIPBANKS FONTEIN 198	RE/198
KLIPKRAAL 127	RE/127
KLIPKRAAL 127	17/127
KLIPKRAAL 127	1/127
KLIPWAL 67	67
KOORNPLAATS 41	1/41
KOORNPLAATS 41	2/41
KOORNPLAATS 41	7/41
KRANSKRAAL 283	RE/283
KUILS PORT 161	RE/161
KUILS PORT 161	RE/9/161
LA-DE-DA 178	RE/3/178
LA-DE-DA 178	8/178
LA-DE-DA 178	RE/178
LANG LEEGTE 304	RE/304
LANG LEEGTE 304	304
LEEUWFONTEIN 273	1/273
LEEUWFONTEIN 273	RE/273
LEMOEN FONTEIN 158	RE/158
*LEMOEN FONTEIN 158	3/158
LEMOEN FONTEIN 158	2/158
LEMOEN FONTEIN 158	1/158
LOSBERG ANNEX A 296	1/296
LOWER ROODEWAL 169	RE/169
MATJES FONTEIN 194	RE/194
MODDERFONTEIN 7	RE/7
MODDERFONTEIN 7	1/7
MODDERFONTEIN No. 228	3/228
MODDERFONTEIN No. 228	1/228
MUISHOND RIVIER 161	RE/161
NIEUWHOEKSFONTEIN 67	67
OLIVIERS BERG 159	1/159
OLIVIERS BERG 159	RE/159
ONDERSTE SCHOEN-MAKERS WINKEL 285	2/285

ONDERSTE SCHOEN-MAKERS WINKEL 285	3/285
ONGELUKSFONTEIN 261	2/261
ORANGIE FONTEIN 203	1/203
PLAATDOORNS 262	2/262
PLAATDOORNS 262	RE/262
PLAATDOORNS 262	1/262
RHEEBOKKE FONTEIN 209	RE/209
RHEEBOKKE FONTEIN 209	3/209
RIET FONTEIN 197	RE/197
RIETKLOOF PLAATEN 239	RE/239
RIETKUIL 307	RE/307
RIETKUIL 307	7/307
RIETKUIL 307	2/307
RIETPOORT 15	1/15
RIETPOORT 243	RE/243
RIETPOORT 243	1/243
SCHALKWYKSKRAAL 204	2/204
SLAGTERS KOP 156	156
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	18/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	RE/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	54/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	1/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	22/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	21/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	20/162
SOUTH LEMOENFONTEIN 162	4/162
SPITZE KOP 42	2/42
SPITZE KOP 42	1/42
SPRINGFONTEIN 305	RE/2/305
STOLS HOEK 182	9/182
STOLS HOEK 182	5/182
STOLS RIVER 171	2/171
TAAVBOSCHFONTEIN 15	RE/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	RE/1/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	5/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	4/15

TAAVBOSCHFONTEIN 15	2/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	3/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	7/15
TAAVBOSCHFONTEIN 15	6/15
TAAVBOSCHKRAAL 12	1/12
TAAVBOSCHKRAAL 12	4/12
TAAVBOSCHKRAAL 12	3/12
TAAVBOSCHKRAAL 12	2/12
TAMBOERSFONTEIN 291	291
THREE SISTERS 244	RE/244
TOOVER BERG 244	RE/244
TYGER HOEK 6	RE/6
TYGER HOEK 6	1/6
TYGER HOEK 6	2/6
VAN DER BYLS KRAAL 265	9/265
VAN DER BYLS KRAAL 265	8/265
VAN DER BYLS KRAAL 265	6/265
VINDRAGERSFONTEIN 280	1/280
VINDRAGERSFONTEIN 280	4/280
VINDRAGERSFONTEIN 280	2/280
VINDRAGERSFONTEIN 280	RE/280
VINDRAGERSFONTEIN 280	3/280
WAAI KRAAL 120	4/120
WAAI KRAAL 120	3/120
WAAIFONTEIN ANNEXE 66	66
WAAYFONTEIN 65	3/65
WAAYFONTEIN 65	7/65
WAAYFONTEIN 65	5/65
WAAYFONTEIN 65	RE/3/65
WAAYFONTEIN 65	6/65
WAAYFONTEIN 65	RE/65
WELGEMOED 268	3/268
WELGEMOED 268	4/268
WELGEVONDEN 69	69
ZWARTKOPJES No. 240	RE/240
ZWARTKOPJES No. 240	3/240